P022

Matteus 25:31-46

# Die finale en ewige skeiding

**Preekopnames**: **1.** https://www.antipaspretoria.org.za/preke/episode/24fd8abd/matt-23-25-oorsig-en-samehang-van-die-profetiese-uitspraak

**2.** https://www.antipaspretoria.org.za/preke/episode/25d1b8e8/die-ewige-skeiding-van-skape-en-bokke

**V**anaf Matt 24:36 fokus die Here Jesus in hierdie profetiese rede op die einde van die laaste dae, oftewel die laaste van die laaste dae en die wederkoms. Dit is sy kort, maar baie gewigtige antwoord op die tweede deel van die dissipels se vraag in Matt 24:3.

Vers 44 is dan sy konklusie: Hierdie antwoord van Hom hou enorm-belangrike praktiese implikasies vir sy dissipels in. In ’n enkele woord saamgevat: Omdat sy wederkoms onverwags sal wees, moet hulle altyd *"gereed"* daarvoor wees.

## Wat behels hierdie gereedheid?

\# Wat is die sleutel tot gereedheid? Die sleutel lê in twee begrippe: *Een, verstandigheid. Twee getrouheid (OAV; NAV) of betroubaarheid* (2020) (24:45-51 - vgl. v.45).

Hierop word dan afsonderlik en in meer besonderhede gefokus. Eers praat Hy oor *verstandigheid* (25:1-13 - vgl. v.2, 4). Dan praat Hy oor *getrouheid* (25:14-30 - vgl. v.21, 23).

\# Uiteraard praat die Here Jesus hier van méér as blote gesindhede. Op sigself beteken verstandigheid en getrouheid niks as dit nie ’n mens se lewe beheers nie. Dit moet prakties tot uitdrukking kom - soos met alles in die Christelike lewe.

\+ Die vraag is dus: *Hoe? Hoe lyk dit in ’n ware Christen se lewe?*

*En dis waaroor Jesus dit in ons teksgedeelte het.* Dis die *"bottom line"* van die hele profetiese rede. Mis dit, en jy kan netsowel Matt 24-25 uit jou Bybel skeur.

In die volste sin van die woord lê hierdie laaste 16 verse nie net aan die hart van outentieke Christenskap nie, maar het dit onontkombare ewigheidsimplikasies.

\# Die Here Jesus se antwoord in Matteus 25:31-46 val uiteen in 4 gedeeltes.

## Die *skeiding* (25:31-33)

God se Woord is onontkombaar duidelik dat daar 'n finale oordeel aan die einde van die geskiedenis sal wees. Jesus Christus sal terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel (2Tim 4:1). In die proses sal Hy hulle vir ewig van mekaar afskei.

Maak nie saak of jy dit ontken of ignoreer nie - jy sal daar wees. Lag dit af as jy wil - maar op daardie dag van onuitspreeklike blydskap vir baie, maar hartverskeurende smarte vir baie ander, sal elke mens óf 'n skaap, óf 'n bok blyk te wees. *"Al die nasies"* - álmal - sal daar wees. Ons hoef nie bang te wees dat die Here 'n fout sal maak nie. En Hy sal geeneen wat aan Hom behoort, vergeet nie. Hy sê mos in Joh 10:14: *"Ek ken my skape."*

## Die fokus op die skape (25:34-40)

# Let op die uitnodiging: *"Kom, julle wat deur my Vader geseën is!"* Kan daar ooit belangriker woorde op die begenadigdes se ore val?

+ Die bevelsvorm in die Grieks beklemtoon dat dit dadelik moet gebeur: Kom onverwyld! Kom gretig! Dit waarvoor jy so lank gewag het, is nou joune!

+ Voorts keer die Here nie Sy skape op die ingewing van die oomblik uit nie. Die koninkryk wat hulle gaan kry, is *"van die skepping van die wêreld af"* vir hulle voorberei. Petrus stel dit so: Ons het nóú reeds 'n lewende hoop op 'n *"onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel vir julle* (ons) *in bewaring gehou word"* (1Pet 1:34).

# Die Here Jesus gee nie 'n ingewikkelde en tegniese uiteensetting nie. Sy oordeel is gebaseer op wat mense gedoen het, en klaar. Hulle lewens en dade is die norm. Dis omdat redding wýs! Nie ons woorde nie, maar ons werke wys wie ons werklik is.

J.C. Ryle: *"Evidence, evidence, evidence will be the one thing wanted when the great white throne is set ... I can find no evidence that will be admitted in that day, except sanctification."* En met laasgenoemde woord dink Ryle vir seker ook aan verstandige getrouheid lewenslank.

# Die werke het direk met Jesus Christus te doen!

Deurgaans word alles ten diepste vir die Here gedoen (v.35-36). Dis gedring deur liefde vir Hom. Jesus noem hierdie mense *"regverdiges"* (v.37, OAV). Waarskynlik is die NAV reg as dit parafraseer met *"dié wat die wil van God gedoen het."* Hierdie is dus nie mense wat hulle eie koppe volg nie. Hulle maak erns met die Hére se opdragte. Sy Woord is hulle rigsnoer.

# Dis liefdeswerke, barmhartigheidswerke. Dis bewoënheid oor diegene in nood - van watter aard ook al.

Wat Jesus hier noem (meen ek), is net voorbeelde van enigiets wat jy in belang van ander doen. Dis om mense op die punt van hulle nood te ontmoet. Dis géé-liefde - maar in gehoorsaamheid aan die Here, ter wille van Hom, in sy Naam, om Hom te verheerlik.

+ My ruimer vertolking van dít waarvoor die Here Jesus in hierdie verse loon belowe, mag ons nie verlei om die belangrikheid van spesifiek die versorging van armes op die agtergrond te skuif nie. Dwarsdeur die Skrif is daar 'n baie sterk beklemtoning van in die besonder sulke barmhartigheidswerk. Mens kan eenvoudig nie wegkom van die Bybel se openbaring oor God se baie sterk empatie met behoeftiges en ellendiges en armes nie.

#	Dit is werke wat amper onbewustelik tot uitdrukking kom. Só spontaan is dit dat die mense stom verbaas is: Here, wanneer het ons dit gedoen? (V.37, 39). Dis opregtheid wat hier beskryf word. Dis spontane liefdesuiting van die Here se wette wat Hy op hulle harte geskryf is. Hierdie is wedergebore mense! Hulle goeie werke kom amper vanself - wat uiteraard nie beteken dat hulle *wil* nie betrokke is nie.

#	Dis dikwels klein dingetjies, hierdie goeie werke. Kennelik is dit die uitinge van 'n lewenswyse. Per slot van rekening, wát jy in jou hart is, dit ís jy - amper spontaan, heeldag, aldag, lewenslank. Dit kom uit jou hart en daarom amper vanself.

Mens hoef nie 'n multimiljoener te wees vir hierdie liefdeswerke nie. Ook nie superbegaafd nie. Dit gaan oor wat jy beskikbaar het. Dis tog wat Jesus in die gelykenis van die talente leer. Mens se roeping is in ooreenstemming met jou vermoëns.

#	Dis liefde wat veral betoon word aan Sy *"broers"*, sê die Here (v.40). Waarskynlik is dit wat Paulus in Gal 6:10 in gedagte het: *"Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."*

Terwyl behoeftige broers en susters dus in die eerste plek in ons visier moet wees, beteken dit nie dat ons maar ongelowiges wat nood het mag ignoreer nie. Jesus het nie enige nooddruftige verbygegaan, omdat hy of sy nog nie geglo het nie. Trouens, meermale het mense juis te danke aan sy liefdesguns, in Hom geglo.

## Die fokus op die bokke (25:41-45)

#	Die feit dat hierdie verse die spieëlbeeld is van die fokus op die skape, moet ons waarsku om nie vas te steek by 'n bloot enkelvoudige vertolking van hierdie verse nie. Hierdie is voorbeelde wat die Here gebruik om 'n beginsel by ons tuis te bring. *Dit gaan oor 'n helpende hand na diegene met nood om ons - enigeen - wat ook al daardie nood mag wees.*

#	Maar híérdie mense oor wie Hy dit nóú het, leef vir hulleself. En Hy sê veral 3 dinge vir hulle.

+	Een: Hy beveel hulle: *"Gaan weg van My af ..."* (V.41). Hulle het gekies vir 'n lewe sonder Christus en ver van Sy mense af. Hulle wou hê die Here moet hulle uitlos. Nou kry hulle wat hulle gekies het.

+	Twee: Jesus noem hulle *"vervloektes"* (v.41). Hulle is finaal deur God verwerp. Geleentheid vir omdraai is verby. Genade is daar nie meer nie.

+	Drie: Hulle bestemming *is "... die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is ..." (v.41).*

Hierdie is 'n verskriklike vonnis! Net so min as wat ons die heerlikheid van die ewige saligheid onder woorde kan bring, kan ons die angs en smart en lyding van die hel beskryf. En ergste van alles – dis 'n onomkeerbare en ewige lot.

# Betekenisvol is wat die Here níé sê nie. Sekerlik sou Hy allerlei sondes kon noem.

Hy sou teologiese dwalinge en ketterye kon noem. Hy sou kon sê dat hulle nooit uitverkies was nie - en dit sou sekerlik waar wees. Hy sou hulle kon verwyt oor hulle ongeloof, en dat hulle Hom verwerp het. Noem maar enige sonde op wat in mense se kaste hang.

Maar ál wat Jesus noem, is *sondes van nalating*. Hulle word verdoem (net soos die ontroue dienskneg in die vorige gelykenis), omdat hulle gewoon niks gedoen het nie!

Waarom doen die Here dit so? Om die regverdigheid van die oordeel te onderstreep. Hulle word nie veroordeel omdat hulle die menslik-onmoontlike nie kon regkry nie. Nee, wat hulle moes doen, was basiese medemenslikheid en naasteliefde. Wat kan eenvoudiger en makliker wees - en meer voor die hand liggend - as 'n beker water, of 'n sny brood, of een van jou dosyn truie?

Ál sonde van hierdie mense was dat hulle niks gedoen het nie. Hulle het net vir hulleself geleef!

Soos die een-talenter is ook húlle vol verskonings. Kamtig bang vir die baas! Kwansuis nie geweet nie! *Regtig?* Enigeen kan met 'n stok aanvoel dit gaan nie op nie.

Wat is meer vanselfsprekend, meer voor die hand liggend, vir enigeen met net 'n greintjie gevoel vir sy medemens, as die voorbeelde wat Jesus noem? Wat is meer eenvoudig as die geringe medemenslikheid en liefdesdade wat Jesus hier noem.

Is daar enigeen van ons wat hierdie stukkie lering kan lees sonder om in diepe ootmoed voor die Here te kom? Ja, daar is vergiffenis. Maar laat ons onthou: Jesus vertel dit sodat ons dit vir seker sal uitleef. Hy dring daarop aan. Onontkombaar beklemtoon Hy die ononderhandelbare noodsaaklikheid daarvan.

## Slotsom en oproep (Matt 25:46)

# Duideliker kan dit nie gesê word nie: Dit waaroor die die Here Jesus dit in hierdie sluitstuk van sy profetiese rede het – *gaan oor ewige lewe en ewige straf.*

## Die kloutjie by die oor

# Die evangelie is glashelder duidelik: Tot in ewigheid sal niemand gered word - ánders as op grond van die Here Jesus se volmaakte en plaasvervangende middelaarswerk nie. Daar is géén ander manier om die ewige verdoemenis te ontkom nie.

Dit, nét dit, is God manier om te red.

# Jy vra, hoe moet ons nou hierdie gedeelte van die skape en die bokke verstaan?

*Ware, reddende geloof lei altyd, maar áltyd*
*sonder uitsondering*
*<u>tot goeie werke</u>!*

As heiligmaking en gehoorsaamheid en goeie werke afwesig is in 'n lewe – *is dit gewoon 'n bewys dat daar nie reddende geloof is nie.*

#	Nêrens in die Skrif word dit met méér fors beklemtoon as in Jakobus se brief nie. In Jak 2:14-26 praat hy so reguit soos kome kan. Ek haal net 3 verse daaruit aan:

Vers 14: *"Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?"*

Vers 26: *"'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood."*

Vers 24: *"Julle sien dus dat 'n mens op grond van dade regverdig verklaar word, nie deur geloof alleen nie."*

Let goed op: Jakobus sê níé, "mens word <u>deur</u> dade" geregverdig nie. Hy sê, dit *"<u>op grond van</u> dade"*. Dade is dus die bewys en bevestiging van redding. Mens word deur geloof gered - en jou lewe wýs dit deurgaans en onmiskenbaar daarna.

#	Mag ek jou weer herinner aan die klokheldere evangelieboodskap?

Ons word gered *uit* <u>genade</u> *alleen*.
Ons word gered *op grond van* <u>Christus se verdienste</u> *alleen*.
Ons word gered *deur* <u>geloof</u> *alleen*.
Ons word gered *tot* <u>goeie werke</u>.
Ons word uiteindelik gered *volgens* <u>goeie werke</u>.

## Wat sê dit vir ons?

#	Laat ons ten alle koste die belangrikheid van hierdie paar verse nie miskyk nie!

+	Hóé ons lewe, het allesbepalende ewigheidsbetekenis. Let op, die Here Jesus praat van 'n *lewenslange manier van lewe*.

+	Wat 'n moment eendag, is dít wat Jesus hier beskryf, nie! Dis die finale bekragtiging van elke mens se ewige en onomkeerbare lot.

Dis voorwaar 'n vooruitsig wat my lewe moet beheers.

#	Laat ons nie die maatstaf wat die groot Regter gaan aanlê, miskyk nie!

Ons sal geweeg word op die skaalbak van *<u>naasteliefde</u>*.

Maar hieroor is méér te sê. Die voorbeelde wat Hy noem het één gemeenskaplike karaktertrek – liefde, spesifiek vir diegene in nood. Ons kan dit *<u>barmhartigheid</u>* noem.

#	Van die mees onbehoorlike en gevaarlikste woorde wat oor 'n Christen se lippe kan kom, is *"Ja, maar ek kan dit bekostig!"*

+	Hoe kan ons, hoe dúrf ons onsself allerlei luukshede gun, as daar behoeftige broers en susters saam met ons in die gemeente is? Een van die leuses in die kerk van die eerste eeue was: *"Die wat baie het, moenie te veel hê nie; en die wat min het, moenie te min hê nie."*

+ Voorts, dis 'n godskreiende skande as ek en jy spandabelrig sou wees in 'n land waarin daar miljoene is wat onder die broodlyn leef!

**Waarlik, daar is baie, baie wat daardie dag waaroor ons dit het,**
**fluit-fluit en selfversekerd tegemoet gaan,**
**maar op pad is na 'n verskriklike en vernietigende ontnugtering:**
***"Gaan weg van My ..."***

**Mag die Here ons help**
***"to walk our talk"***

**><(((*>**

***Nico van der Walt***
***T: 082 848 9396***
***E: nico.vanderwalt@reformed.org.za***
***http://www.imagodei.co.za/***
***YouTube: Nico van der Walt - Imago Dei***